netwerk24.com

# Toekoms van gedrukte koerante: Media24 besig met 'interne prosesse'

Send to Kindle

Die medialandskap word toenemend digitaal en dit noodsaak hersiening van bedrywighede om langtermynvolhoubaarheid te verseker.

Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24, het Donderdag geen verdere kommentaar gelewer op die berig van Moneyweb dat vier bronne sê daar word oorweeg om die gedrukte weergawe van *Rapport*, *City Press*, *Beeld* en *Daily Sun* te staak, moontlik reeds teen Oktober, nie.

"Media24 hersien deurlopend sy bedrywighede om toekomstige en langtermynvolhoubaarheid te verseker binne die medialandskap wat toenemend digitaal skuif. Die maatskappy sal ook voortgaan om met personeel te konsulteer oor enige potensiële aksies wat hieruit kan vloei en bly verbind daartoe om die korrekte prosedures te volg. Ons lewer nie kommentaar op die besonderhede van interne prosesse nie," sê Davidson.

Hy het wel aan Business Day gesê geen finale besluit is nog oor die toekoms van koerante geneem nie. Verskeie opsies word oorweeg, vir alle dele van die onderneming.

Naspers, moedermaatskappy van Media24, reik op 24 Junie sy resultate vir die boekjaar tot einde Maart uit.

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, het op Facebook skok uitgespreek oor die Moneyweb-berig.

“Die prys wat Afrikaans gaan betaal as *Rapport* en *Beeld* se gedrukte weergawes gestop word, sal baie duurder wees as enige besparing wat Media24 teweeg sal bring.

“Dit sal ’n reuseterugslag wees vir die Afrikaanse nuusaanbod. Vir meer as 100 jaar het die Afrikaanse gemeenskap dié media-instellings ondersteun. Uit ’n toestand van absolute armoede is Nasionale Pers (Naspers) gebore.

“Die maatskappy het ’n ereskuld aan die gemeenskap wat uit hul min hulpbronne ’n maatskappy gebou het en tot vandag ondersteun. Dit sal oneervol wees om die Afrikaanse nuusaanbod so ingrypend te sny.”

Hermann sê Solidariteit gaan namens sy lede ’n regsbrief aan Media24 skryf “om duidelikheid te kry”: “Ons lede, van hulle in senior bestuursposisies, het van die radikale ingryping in die media gelees.”

Hy sê ook: “Ons inligting is van die koerante wat toegemaak gaan word, maak wins. Die gedrukte koerante bring steeds groot advertensie-inkomste. Dit blyk dus dat die toemaak nie oor wins gaan nie, maar meer wins.”

## Sirkulasie daal

Koerant- en tydskrifsirkulasie is nou al meer as ’n dekade lank onder druk, wêreldwyd, soos meer mense kies om hul nuus aanlyn te kry.

Benewens aanlyn publikasies kry al hoe meer mense hul daaglikse nuus deur sosiale media soos Facebook, YouTube of deesdae selfs TikTok, volgens internasionale navorsing.

Die Pew Research Center sê net 9% van Amerikaners kry deesdae gereeld hul nuus van drukmedia, terwyl 56% dit gereeld op digitale toestelle kry. Op digitale toestelle is die algemeenste bron die digitale publikasies van nuusmedia (29%), gevolg deur soekenjins (27%) en sosiale media (19%). Die syfers is soortgelyk vir Brittanje, met 47% van mense wat hul nuus van digitale uitgewers kry, 35%

van televisie en 33% van sosiale media, volgens die Britse publikasie *Press Gazette*.

In 'n verklaring oor die sirkulasie van Suid-Afrikaanse publikasies vir die eerste kwartaal van 2024 sê die Audit Bureau of Circulation (ABC): "Die huidige ekonomiese klimaat, tesame met veranderende voorkeure van verbruikers, het tot 'n verminderde diskresionêre besteding aan media gelei. Dít tesame met die stygende prominensie van digitale platforms en alternatiewe inligtingsbronne hou aan om die manier te verander waarop gehore met media in gesprek tree, wat besondere struikelblokke vir tradisionele media-ondernemings skep."

Alle gedrukte publikasies het sirkulasie verloor. Die daling in alle koerante se sirkulasie was die laaste jare tussen 5% en 13% per jaar. Van 2023 tot 2024 was die daling 7,5%.

Wat betref die Media24-koerante wat in die Moneyweb-artikel genoem is, lyk die syfers van die afgelope tien jaar soos volg. Dit vergelyk die ABC-syfers van die eerste kwartaal van 2014 met die eerste kwartaal van 2024:

• *Daily Sun* het van 296 489 eksemplare tot 11 696 geval (-96,1%);

• *Beeld* se weekdag-uitgawe het van 67 766 eksemplare tot 19 369 geval (-71,4%). Dit sluit 8 675 PDF's op Netwerk24 in (e-publikasies wat nes die gedrukte koerant lyk);

• *Beeld* se Saterdag-uitgawe het van 55 260 eksemplare tot 24 110 geval (-56,4%), met 8 524 PDF's ingesluit;

• *City Press* het van 118 676 eksemplare tot 12 451 geval (-89,5%); en

• *Rapport* het van 177 016 eksemplare tot 56 410 geval (-68,1%), 19 678 PDF's ingesluit.

Die koerant wat volgens die Moneyweb-berig steeds in gedrukte formaat sal voortbestaan, *Die Burger*, het ook sirkulasie verloor, van 59 895 tot 24 161 oor

tien jaar, ’n daling van 59,7%, maar dié koerant se verspreidingskoste is glo laer. Hierdie weekdagsirkulasie sluit 7 183 PDF’s in. Die Saterdagsirkulasie is 34 704, wat 8 791 PDF’s insluit.

Media24 het *Volksblad* en *Die Burger Oos-Kaap* in Augustus 2020 omskep in aanlyn publikasies op Netwerk24.

In dieselfde jaar is verskeie tydskrifte, insluitend *Sarie* en *FairLady*, van maandelikse in tweemaandelikse publikasies verander en is die redaksionele inhoudskepping daarvan uitgekontrakteer.

Die joernaliste van *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad* het reeds in 2016 oorgeskuif na Netwerk24, Media24 se Afrikaanse digitale tuiste, waar hulle sedertdien digitaal eerste werk. Die nuus verskyn dus eerste op Netwerk24 en vloei van daar stroomaf na die dagblaaie en word deur produksiespanne vir die volgende dag se koerante verpak.

*Rapport* se kopie verskyn ook Sondae volledig op Netwerk24.

Netwerk24 is ook die digitale tuiste van Media24 se Afrikaanse tydskrifte, insluitend *Huisgenoot*, *Sarie*, *Kuier*, *Tuis* en *Weg!*

Netwerk24 se digitale intekenare het sedert April 2016 van 15 000 tot meer as 98 000 gegroei. Dit is die tweede grootste inteken-nuusdiens in Suid-Afrika naas News24. Dit het volgens IAB South Africa ook die tweede meeste daaglikse bladlese onder nuusdienste in Suid-Afrika (3,4 miljoen) naas News24 se 5,9 miljoen.

● Netwerk24 is ’n publikasie van Media24, ’n filiaal van Naspers.

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/tegnuus/toekoms-van-gedrukte-koerante-media24-besig-met-interne-prosesse-20240613